

# Wolf verloor sy stert

Moenie skinder nie

Eendag lank gelede, toe Jakkals nog kruisbande gedra het om sy broek op te hou, het hy besluit genoeg is genoeg. Hy was net mooi siek en sat vir Wolf se geskinder. As dit nie die diere in die bos was wat onder Wolf se los tong deurgeloop het nie, was dit die dorpenaars.

Op 'n dag draf Jakkals rivier toe om te gaan water drink. Nog voordat hy 'n slukkie kan vat, hoor hy hoe Wolf vir 'n paar diere sê: “Daardie Jakkals bly maar 'n skelm. En moenie eens praat van sy vrou en die klomp skollies wat hy sy kinders noem nie. 'n Mens kan nie 'n woord glo wat daardie spul sê nie.”

Jakkals is dadelik kwaad, maar besluit om eerder te wag en Wolf stilletjies terug te kry wanneer hy dit die minste verwag.

'n Paar dae later, toe Wolf by Jakkals se blyplek verbydraf, sê Jakkals: “Dit is die lekkerste vis wat ek nog ooit geëet het.” En hy lek kastig sy lippe af asof hy nou net iets heerliks geëet het.

“Haai!” roep Wolf. “Waar kry jy die vis?”

“Ek is juis nou op pad soontoe,” jok Jakkals en loer skelm na Wolf. “Kom ek gaan wys jou.”

Wolf val oor sy eie pote, so haastig is hy om by die lekker vis uit te kom.

Toe hulle 'n rukkie later by die dam aankom, sê Jakkals: “Al wat jy moet doen, is om jou stert in die water te laat hang sodat die visse daaraan kan vasbyt. Sodra dit lekker swaar voel, trek jy dit uit. En siedaar! Die lekkerste vis wat jy nog ooit geëet het.”

“Haai, dankie, ou Jakkals,” sê Wolf en wonder hoekom Jakkals skielik so gaaf is. Maar hy is so lus vir die vis dat hy hom nie verder daarvoor bekommer nie.



“Lekker visvang,” roep Jakkals terwyl hy wegdraf. “En onthou om lank genoeg te wag voordat jy jou stert uit die water haal. Hoe langer jy wag, hoe groter gaan die visse wees wat jy vang.”

Toe Jakkals ver genoeg is, lag hy hom uitasem. “Dit sal die ou skinderbek ’n les leer,” sê Jakkals.



Wolf gaan sit op die rand van die dam en laat sy stert in die water sak. “O toggie, dis koud!” roep hy. “Maar ek is seker dit gaan die moeite werd wees.”

Ná ’n paar uur voel Wolf se stert lekker swaar. “Ek dink ek het die hele dam se visse aan my stert,” sê hy opgewonde. “Nou moet ek net my stert uittrek en al die visse huis toe dra. Dan kan ek my knuppeldik vreet.”

Wat Wolf nie weet nie, is dat sy stert intussen vasgevries het.

Net toe kom Jakkals met al die dorpenaars aangehardloop. Elkeen het ’n stok of ’n sweep in die hand.

“Hier is die meneertjie met die los tong!” roep Jakkals en wys na Wolf wat in die ys vassit.

Wolf raak so benoud dat hy al hoe harder aan sy stert pluk. Toe hoor hy net KADOING!

Toe hy omkyk, sit sy pragtige stert nog net so in die ys. ’n Stompie met ’n paar stekelrige haartjies is al wat aan sy lyf oorgebly het.

Arme Wolf het nie eens tyd om oor sy spoggerige stert te huil nie, want die dorpenaars begin hom al bydam.

Kreun-kreun hardloop hy tot by sy blyplek om sy stompstert te lek.

“Dalk moet ek volgende keer twee keer dink voordat ek weer skinder,” sê Wolf. “Maar ai, ’n stukkie vis sou darem nou baie lekker gesmaak het.”

En tot vandag byt Wolf sy bek styf toe sodra hy wil skinder. Net so styf toe soos daardie visse wat aan sy stert vasgebyt het ...

## Vir die kind

Al klink dit nie altyd so nie, is daar ’n groot verskil tussen gesels en skinder. Gesels is onskadelik en kan niemand se gevoelens seermaak nie. Skinder gaan dikwels oor halwe waarhede of iets wat iemand eerder geheim wou hou. Skinder is soos onkruid. Een klein bossie kan ’n hele rugbyveld so vol dorings maak dat niemand daarop kan speel nie. Net so kan een roekelose opmerking ’n nare skinderstorie word wat veroorsaak dat jy ’n kosbare maat verloor.



Wanneer jou maats skinder, is dit beter om nie saam te praat nie. As hulle aanhou skinder, is dit dalk beter om vir jou 'n maat te kry wat nie die slegte gewoonte het nie. As jy baie dapper is, is dit dalk 'n goeie idee om iets goeds van die persoon te sê wat bespreek word.

Dis normaal om hartseer of selfs kwaad te word as iemand oor jou skinder. Jy is nie alleen nie. Dit gebeur elke dag met baie mense. Die beste medisyne is om die skinderstories en die persoon wat dit vertel te ignoreer. As dit nie help nie, gesels met 'n volwassene wat jy vertrou. Jy sal sommer baie beter voel.

Al skinder grootmense beteken dit nie skinder is reg nie. As jy grootmense hoor skinder, mag jy hulle op 'n mooi manier reghelp.

## Vir die ouer en onderwyser

Kinders word groot in 'n wêreld waar beroendes se persoonlike sake in die media en op die televisie bespreek word asof elke sappige skinderbrokkie die reïne waarheid is. Dit is baie belangrik dat iemand die kind se aandag op verkeerde gewoontes vestig en die regte gedragspatrone vaslê.

Hou die volgende in gedagte:

- ☉ Maak seker die kind weet wat die verskil tussen gesels en skinder is. Help die kind om te begryp dat skinder nie net lelike aanmerkings oor iemand behels nie, maar ook die verspreiding van gerugte waarvan jy nie seker is nie of as jy private inligting oor iemand verstrek.
- ☉ Speel telefoontjie met die kinders in jou gesin of klas om aan hulle te demonstreer hoe maklik woorde heel onskuldig verdraai word. Laat almal in 'n kring sit. Een persoon kies 'n sin en fluister dit aan die persoon langs hom. Die sin word al met die sirkel langs tot by die laaste persoon “gestuur”, wat dit dan hardop sê. So word “Koos het sy sjokolade met my gedeel” maklik “Koos het my sjokolade gesteel”! Verduidelik dat skinder op presies dieselfde manier werk.

- ☞ Help die kind om oordeelkundig te werk te gaan met inligting wat hy terloops gehoor het. Dikwels is dit net die helfte van die storie, maar genoeg om groot skade aan te rig.
- ☞ Benadruk dit dat dit nie verkeerd is om oor iemand te gesels as jy 'n positiewe opmerking maak nie.
- ☞ Leer die kind van kleins af dat niemand die reg het om inligting oor iemand te versprei wat die persoon in die verleentheid kan stel, net omdat dit die waarheid is nie.
- ☞ 'n Goeie maatstaf is om die kind te leer om homself af te vra: “Sal ek daarvan hou as iemand dieselfde oor my sê?”
- ☞ Moedig die kind aan om maats wat skinder te vermy en nie na skinderstories te luister of dit oor te vertel nie – al voel dit ook hóé spesiaal om deel van die skinderkringetjie te wees.
- ☞ Vestig die kind se aandag daarop dat beroemdes ook mense is en dat dit daarom onaanvaarbaar is om oor hulle te skinder. As die kind nie agter sy beste maat se rug skinder nie, beteken dit ook hy is nie veronderstel om oor 'n beroemde te skinder net omdat die persoon hom nie kan hoor nie.
- ☞ Bring dit onder die kind se aandag dat iemand wat skinderstories áán jou vertel ook skinderstories óór jou sal vertel.
- ☞ Leer die kind van kleins af dat vriende mekaar se privaatheid respekteer en nie geheime uitlap nie (behalwe natuurlik as dit 'n “slegte” geheim is soos wanneer iemand iets gevaarliks doen of iemand anders seermaak).
- ☞ Help die kind om te besef dat die skade wat skinderstories aanrig, nie maklik ongedaan gemaak kan word nie. Dis egter nooit te laat om 'n skinderstorie nek om te draai nie. Moedig die kind aan om om verskoning te vra en te sorg dat die waarheid aan die lig kom.
- ☞ Sorg dat jy 'n goeie rolmodel is.

